

Skriflesing: Hosea 5:8 – 6:3; Lukas 24: 1-9

Teks: **Lukas 24:6-7**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 138:1,2

TYDENS EREDIENS: Ps. 143: 8,10; Ps. 16:1,4; Ps. 21:1,9; Ps. 85:3

Hosea 5:8 – 6:3

Hos 5:8 Blaas die ramshoring in Gibeá, die trompet in Rama! Maak alarm in Bet-Awen! Benjamin is agter jóú aan, Efraim.

Hos 5:9 Jy gaan verwoes word op die dag van afrekening. Ek maak aan die stamme van Israel bekend wat beslis gaan gebeur.

Hos 5:10 Die leiers van Juda het beslag gelê op Israel se grond. Daarom het my toorn hulle soos 'n vloedgolf getref.

Hos 5:11 Efraim is verdruk; sy reg is hom ontnem, want hy het kant gekies vir iemand wat hom nie kon help nie.

Hos 5:12 Ek was vir Efraim soos 'n gewas en vir Juda soos beentering.

Hos 5:13 Toe Efraim agterkom dat hy siek is en Juda dat hy 'n sweer het, het Efraim gaan hulp soek by Assirië en 'n afvaardiging gestuur na koning Jareb toe. Maar hý kon julle nie gesond maak of die sweer uitsny nie.

Hos 5:14 Ek is soos 'n leeu teenoor Efraim, soos 'n roofdier teenoor Juda. Dit is Ek wat verskeur en my koers gaan, wat wegdra sonder dat iemand dit kan keer.

Hos 5:15 Ek gaan My in my woonplek terugtrek totdat hulle hulle skuld bely en vra na my wil. In hulle nood sal hulle my hulp kom vra.

Hos 6:1 "Kom ons gaan terug na die Here, want Hý het ons verskeur maar sal ons weer gesond maak, Hý het ons geslaan maar sal weer ons wonde verbind.

Hos 6:2 Hy sal ons na twee dae 'n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in sy teenwoordigheid kan leef.

Hos 6:3 Kom ons wy ons aan Hom toe, kom ons streef daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën, Hy sal ons verkwik soos lentereëns die grond verkwik."

Lukas 24: 1-9

Luk 24:1 Die Sondagmôre baie vroeg het die vroue na die graf toe gegaan met die reukolie wat hulle reggemaak het.

Luk 24:2 Daar kry hulle die klip weggerol van die ingang van die graf af;

Luk 24:3 en toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie.

Luk 24:4 Hulle het nie geweet wat om daarvan te dink nie. Meteens staan daar by hulle twee manne met blink klere aan.

Luk 24:5 Die vroue het groot geskrik en met hulle gesig na die grond toe gebuig. Toe sê die manne vir hulle: "Waarom soek julle die Lewende by die dooies?"

Luk 24:6 Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was

Luk 24:7 en gesê het: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan."

Luk 24:8 Toe het hulle sy woorde onthou

Luk 24:9 en van die graf af teruggegaan en al hierdie dinge vir die elf en al die ander vertel.

Skriflesing: Hosea 5:8 – 6:3; Lukas 24: 1-9

Teks: **Lukas 24:6-7**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 138:1,2

TYDENS EREDIENS: Ps. 143: 8,10; Ps. 16:1,4; Ps. 21:1,9; Ps. 85:3

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend is Paassondag, dit is die dag waarop die Here opgestaan het. Dit is die dag, soos ons dit Vrydag ook al wou beklemtoon dat as die opstanding nie plaasgevind het nie, dan sou die kruisiging geen sin en betekenis kon hê nie. Sonder

Paassondag sou daar geen sprake van Goeie Vrydag kon wees nie. Daar sou geen droewiger dag

in ons geskiedenis kon bestaan as vandag se Sondag nie by Vrydag se kruis gevoeg kon word nie. Dan sou ons in hierdie verskriklike pandemie-tyd werklik geen hoop kon hê wat ons aan kon vashou en wat ons vandag verkondig nie.

Ons geloof sou sonder vertrou en sonder verwagting leeg gebly het, terwyl 'n pandemie die wêreld opvreet. Die werklikheid en die waarheid van Jesus Christus se opstanding uit die dood is dit wat ons vandag mag aangryp. Ja, ek wil vanuit die Ou Testament vanoggend kom en besef ons hoe profeties is dit wat ons vandag hierdie dag en die res van hierdie tyd mee mag ingaan. Ja, dit wat ons lewe elke dag mee gevul mag word. Onthou, ook soos wat ons dit Vrydag al wou sê, dat nie net hierdie Sondag Paassondag kan wees nie, maar elke Sondag is dit wat ons na die Here se Woord en lewende gemeenskap moet lei, elke Sondag moet dit daaroor gaan dat die Here het werklik opgestaan. Die Here lewe en ons kan lewe. Elke Sondag kan ook nie anders as om ook 'n Paassondag vir ons te word as dit werklik reg gevier word nie.

Kom ons by Hosea vanoggend ons denke en lyne van wat Christus se opstanding vir ons ook nog kan beteken uithaal. Hosea wat ons 'n gedeelte van hfst. 5 en die begin van hfst. 6 gelees het. Ons kan Jesus se opstanding in die lig ook van Hosea lees, watter voorreg, maar die omgekeerde is net sowaar. Hosea kan ook nou gelees word in die lig van die opstanding. Anders gesê: Hosea gee vir ons lig op die opstanding en die opstanding gee ons ook lig op Hosea. 'n Dubbele voorreg wat ons voorreg van genade op hierdie dag mag wees.

Die paar gelese verse in Hosea 5 kan na Vrydag heenwys, die verskriklike van wat met Jesus op daardie Vrydag gebeur het. Kyk na die verskriklike wat die Here oor sy volk aangekondig het en oor sy volk laat kom het, veral dan die Tienstammeryk. Die eerste deel van Hosea 6 kan ná vandag heenwys, waar daar ook van 2 en dan onmiddellike 3 dae gepraat word- Die ouer Vertaling staan in vers 2 - *2 Hy sal ons ná twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe.* Duidelik het ons iets van wat hierdie naweek ook gebeur het. Twee dae wat verbygaan dan breek die derde dag aan. Selfs mag ons 50 dae ná vandag Pinkster vier. Die Heilige Gees is ten volle uitgestort en dit wek nuwe lewe. Ons kan die lewewekkende klanke ook nie in Hosea 6 vers 3 wil mis nie! *3 En laat ons ken — laat ons dit najaag om die HERE te ken; sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy sal tot ons kom soos*

die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei. Ek verkondig aan u hierdie drie hoofgedagtes. Eerstens - Hosea se wraakprofesie gee ook lig op Goeie Vrydag. Tweedens - Hosea se termyn-profesie gee ook lig op Paassondag. Laastens - Hosea se troos-profesie gee ook lig op wat die ware Pinkster vir ons gaan wees. Eerste dan-

Hosea se wraakprofesie gee ook lig op Goeie Vrydag.

Hosea se profetiese werk was in hoofsaak gerig op die Tienstammeryk in die noorde van Israel. Die noordelike ryk is baie naby hulle einde. Daardie tien stamme van Israel het in 'n sekere sin hulle dae gehad. Daar gaan baie swaar dae vir hulle kom wat die Here in 'n sekere sin die deel van sy volk laat verstaan julle gaan verdwyn, weggraak soos 'n klein waterstroompie in die grootste woestyn.

Hosea moet in sy hele wese en in woord en optrede hierdie radikale boodskap verkondig. Hy wat met 'n prostituut moet trou, 'n hoervrou waar sy vrou tekenend is van dit is hoe die volk van die Here is. Die verbondsvolk is in baie opsigte so ontrou so min soos wat 'n man sy vrou kan vertrou as sy haar liggaam vir al wat man is verkoop. Geweldige dinge wat in hierdie profesie afgebeeld word en ook in die tyd afspeel. Koning Jerobeam II is koning en sy seun Sagaria word vermoor. Alles was polities onstabiel, die wêreld was onderstebo, die een bloedige staatsgreep volg op die ander. Totale ondergang staar die volk in die gesig. Om alles nog te vererger is die gevreesde Assiriërs besig om al nader na Sirië en Palestina te beweeg. Hulle neem die wêreld oor. Assirië is 'n gevreesde volk dat as hy jou oorwin het dan voer hy jou in ballingskap weg. As Hosea begin profeteer dan het hy veral hierdie tien stamme se kulturele en godsdienstige lewe voorgelê. Hoe hulle hul deur die onsedelike vrugbaarheidskultusse van die Kanaänitiese Baäldiens laat meevoer het.

Hosea staan voor geweldige uitdagings, hy wat met 'n korrupte volk te doen het, moet met 'n baie ontroue vrou 'n huwelik aangaan. Tog laat die Here hierdie ontroue vrou so meesleurend tot ons spreek. Eers die baie slegte wat met hierdie deel van Israel sal gebeur. Hfst. 5 beskryf hoe erg dit sal wees- vv. 11 en 12: *11 Efraim is verdruk, verbreek deur die oordeel; want dit het hom behaag om na die gebod van mense te wandel. 12 Daarom is Ek vir Efraim soos 'n mot en vir die huis van Juda soos 'n verrotting in die gebeente.* Efraim sinnebeeld van die Tienstammeryk hulle is soos 'n mot, ja dink hoe 'n mot in 'n kers invlieg, dit is wat met die

Noorde sal gebeur, maar ook die Tweestammeryk, Juda sal weer word soos 'n beensiekte. 'n Beeneter-siekte staan hier letterlik, sou dalk gesien kon word as 'n beenkanker, 'n verrotting in die gebeente staan die ouer vertaling. Die 1983-Vertl praat van beentering. *God was vir Efraim soos 'n gewas en vir Juda soos beentering.*

Verskriklik hierdie oordeel wat ons van moet lees. God maak geen geheim daarvan dat Hy wat God is bring dit oor sy volk. Die volk wat so deur en deur sonde hulle lewe gemaak het nou slaan die Here hulle met 'n siekte. Die mens wat word soos 'n mot ... Die sonde is die siekte en die siekte is die sonde. In ons terme vandag oorgesit, wanneer het sonde die Covid 19 begin word en wanneer het Covid 19 die sonde begin word. Geen maklike vraag en ook geen gemaklike vraag waarvan die antwoord maar sommer uit die lug gegryp kan word nie. Dat God tans met die wêreld aan die praat is, dit mag geen mens wil ontken nie. Die mens wat dit wil ontken is besig om God in sy wese te bevraagteken. Dat daar lankal al 'n sonde proses in kerke aan die gang is, kan niemand ontken nie. Die sonde proses word 'n siekte proses Net die enkele gedagte van sg. gay-huwelike en sommige kerke wil dit in hierdie land goedkeur. Dit is siek om dit te wil goedkeur. Dit is 'n sonde wat 'n siekte word en die siekte word 'n sonde. Hosea teken die kerk van sy tyd in sulke beelde van motte en siekte en steeds wil julle nie hoor nie. Sal die kerk van ons tyd wat ook maar in baie opsigte begin lyk soos 'n mot voor die vuur wel hoor.

Al is daar verskrikking in hierdie deel van Hosea se profesie, wat ons in die begin genoem het 'n wraak-profesie, is dit wonderlik as al twee die kante van Israel, die noorde se tien stamme en die suide se twee stamme hulle eie siekte wel begin raaksien. Al kan hulle hoegenaamd nie vir hulleself genesing bewerk nie, is net die raaksien en erkenning van ek het baie siek geword 'n geweldige groot stap vorentoe. Ons lees Efraim het sy krankheid gesien en Juda sy swere en daar gaan hulle om genesing te soek maar hulle gaan hoegenaamd nie waar hulle eintlike genesing vandaan sal kom nie. Efraim het na Assirië gegaan maar dan profeteer Hosea ... *hy kon julle nie gesond maak of die sweer uitsny nie.*

Wat ons vandag op hierdie Paassondag besef en hoe wonderlik dat Hosea 5 se einde so naby aan die begin van hfst. 6 staan. Daar moes 'n Goeie Vrydag wees vóór daar 'n Paassondag sou kon wees. Die dinge wat die Here oor sy volk laat kom het, is dinge wat ook deel van ons

Paasboodskap in hierdie dae moet wees. Die verskriklike moes ook oor Jesus gekom het voordat Hy as die lewende en Oorwinnaar oor die dood na vore kon kom. Ja, dit alles moes gebeur, ook op Goeie Vrydag voordat daar vandag genesing verkondig kan word en daar juis net by Hom genesing kan wees. Dit kan op geen ander plek wees as net by Hom nie. In Hosea het God gewaarsku en dit was deel van die swaar dat Hy wat God is Hom van sy volk gaan onttrek. God sou Hom in die hemel terugtrek sou ons ook kon sê ... *15 Ek gaan My in my woonplek terugtrek totdat hulle hulle skuld bely en vra na my wil. In hulle nood sal hulle my hulp kom vra.*

Geliefdes ons sou nog lank kon uitbrei oor hoe God se wraak-profesie in hfst. 5 baie duidelike lig op Goeie Vrydag ook kon werp, hoe God die Vader Hom aan Christus onttrek het, dit wat Christus laat uitroep het, *my God, my God waarom het U my verlaat ...* Ja, die verskriklike lyde oor Christus het Hom laat lyk soos 'n mot, Hy het Hom laat oorlewer, daarin teken Hy sy volk, maar die volk is oorgelewer terwyl Christus Hom laat oorlewer het, tog wel ook weer 'n groot verskil. Woorde en profesieë sou sekerlik nooit alles kan saamvat die verskriklike lyde wat daar oor Christus gekom het nie, waarvan Goeie Vrydag die swaarste was, maar watter wonderlike voorreg om ook Hosea 6 te kon begin lees. Ons tweede gedagte wat kom by –

Hosea se termyn-profesie gee ook lig op Paassondag:

Hosea lewe meer as 700 jaar voordat Christus as mens na hierdie aarde gekom het. Ons weet die Assiriërs het in 722vC die noordelike ryke oorrampel, ingeneem en op die einde was dit hulle vernietiging. In 701vC was daar steeds Assirië wat probeer het ook Jerusalem in te neem, maar nie geslaag het nie. Tog het ons nou Hosea gelees wat iets aangrypend in vers 1 en 2 van hfst. 6 geprofeteer het. Dis 'n boodskap so oud maar ook so nuut op hierdie Paassondag ... Ons lees hoe hulle sê: *1 “Kom ons gaan terug na die Here, want Hy het ons verskeur maar sal ons weer gesond maak, Hy het ons geslaan maar sal weer ons wonde verbind. 2 Hy sal ons na twee dae 'n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in sy teenwoordigheid kan leef.*

Ons het dit genoem 'n termyn-profesie ook vir hierdie Paassondag. Hoe God se Woord in geen opsig oor Christus kon stilbly nie. Selfs nie oor die tyd wat ook Christus in sy graf sou moes bly nie. Ons kan dit op geen manier mislees nie ... Na twee dae sal dit die aanduiding wees van 'n nuwe begin. Op die derde dag sal dit alles gebeur. Christus is die Vrydag gekruisig, daar gaan

twee dae verby, op die oggend van die derde dag was dit reeds duidelik dat Hy het opgestaan. Daar het werklik nuwe krag Hom ingekom dat daar in sy teenwoordigheid geleef kan word want Hy lewe.

Dit wat vêr agter in Hosea se profesie geskryf staan en wat God toe al geopenbaar het dat aan die Here se liefde is daar geen einde nie. Hosea het 'n vreeslike taak gehad maar was eintlik so tekenend van God se liefde. Hosea se taak sou wees, dit wat vir hom 'n roeping sou moes word, om sy hoervrou terug te bring, dat sy tot 'n nuwe opvoeding gebring sal moet word (vgl. hfst. 1:2). Voed haar op, Hosea, bring by haar die ware lewensbeginsel tuis, dat sy mag leer wat liefde veronderstel is om te wees en wat dit veronderstel is om te beteken. God los nie sy volk nie, soos wat Hosea nie sy slegte vrou sal wil los nie. God wil sy volk daartoe beweeg dat hulle God se liefde weer mag raaksien. Dat hulle God se liefde met liefde sal antwoord. God is bereid om met sy verbond weer van vooraf te begin.

As ons nou die engele se boodskap, nie aan 'n sedelose vrou nie, maar aan vroue die eerste by Jesus se graf na luister, dan praat die engele van Jesus as Profet. Hy het mos vir julle gesê. Hy het dit in Galilea al gesê dat Hy op die derde dag uit die dood sal opstaan. Hy het dit baie meer kere gesê. Jesus se vergelyking met Jona waar ons verlede Sondag was, is ook nog 'n voorbeeld. Ons teksverse uit Lukas het hierdie saak ook na vore gebring. Dit wat ons op hierdie Paassondag na aanleiding van die deur en deur sieke Israel en Juda kon hoor, hulle wat soos motte sou wees, Juda in sy been-verrotting, vir sulke verdwaaldes en siekes het Jesus genesing en rigting kon bring. Sy leë graf dui op oorwinning ook oor die dinge wat my soos 'n mot kan laat rondfladder, ja wanneer die been-verrotting God se volk verteer, het Jesus vir hulle die genesing deur Hosea kon profeteer. Sy opstanding beteken op hierdie Sondag ook vir ons dat daar kan genesing wees. Ook weer na hierdie pandemie wat hard en diep toeslaan.

Ons moet ophou om motte te wees, mot wat hier dui op wat kan verslyt, dit wat 'n kleed opvreet, maar dan ook weer soos die kleed kan verslyt of soos die '83 Vertl die mot weergee as 'n gewas... ons kan weg van die gewas uit die verrotting opstaan, so seker soos wat Jesus opgestaan het, maar ons kan dit alleen in Hom doen. Ons erken dat ons as kerk in baie opsigte ook kan verval, ja hoe baie keer het die kerk nie ook al verval tot die vlak van die verdorwe wêreld nie.

Op baie maniere probeer ons ook maar soos die wêreld op valse maniere op te staan om ons bestaan te waarborg. Pasop daarvoor. Watter genade om op hierdie Paassondag ook te mag weet dat die Here sal vir ons bly sorg, al vind daar swaar dinge plaas, dinge wat ons diep in die modder kan laat, tog laat die Here ons nie daarin vassit nie. Hy kom soek ons weer op, Hy tel ons op, Hy bring ons terug. Die optrede wat Hosea 5 by Hosea 6 bring is so sprekend, maar duideliker nog dit wat Vrydag by Sondag uitgebring het, is die grootste bewys hiervan. Ook as ons vandag na hierdie Sondag moet voortgaan dan besef ons Pinkster is ook ons deel. Die uitstorting van die Heilige Gees is ons volle deel. Maar hoor ook hoe pragtig het Hosea dit ook geprofeteer. Ons laaste gedagte vandag-

Hosea se troos-profesie gee ook lig op wat die ware Pinkster vir ons gaan wees.

Hosea 6 vers 3 staan - *3 Kom ons wy ons aan Hom toe, kom ons streef daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën, Hy sal ons verkwik soos lentereëns die grond verkwik.*” Hierdie aangrypende oproep moet ons ook in die ouer vertaling lees: *3 En laat ons ken — laat ons dit najaag om die HERE te ken; sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy sal tot ons kom soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei.* As ons na daardie Sondag-oggend van die opstanding mag oorbeweeg, ons hoor wat die engele ook vir die vroue sê dan is dit troos wat nie maar net trooswoorde is nie. Die Here kan waarlik in Christus geken word. Dit gaan om ’n ken van God en om kennis van God. Laat ons dit najaag om die Here te ken. Dadelik besef ons dit kan net in die Heilige Gees gebeur. Hy wat op Pinkster aan ons gegee is. As Jesus daardie Sondag sy graf oopmaak, dit was ’n opgang so seker soos die dagbreek, mag ons weet Hy lewe. Dit kon gesien en gehoor word. Dit mag geglo word.

Hosea se troos-profesie gaan ons die lewe indra want die Gees wil nuwe lewe by ons bring. Stortreën, laat reëns, maak nie saak watter van die twee vertalings ons van praat nie. Reën bring lewe, so wil die Heilige Gees die lewe bring. Die Gees wat in Christus die lewe gebring het, Hy wat deur die Heilige Gees opgewek is, Hy wil nou nog tot ons kom soos die reën, Hy wil ons verkwik so die lentereëns die grond kan verkwik. Ja as Jesus nie gekruisig was nie- die verskriklike van Goeie Vrydag, as Jesus nie opgestaan het nie, die wonder van vandag, Paassondag, dan sou ons nie môre en die dae wat kom met die Pinkster van God die lewe kon ingaan nie. Mag hierdie troos-profesie van Hosea u ook die lewe laat raaksien en die lewe laat

lewe, wat ons in Christus reeds ontvang het. Hy wat die dood oorwin het en vandag spreek
Hosea daarvan, nog lank voor Jesus doodgemaak was.

AMEN